# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | AFRIKAANS<br>EERSTE ADDISIONELE TAAL |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 80 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 12 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

| FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE | |
|---|---|
| **VERGADERINGSDATUM** | |
| **UMALUSI-MODERATOR** | |
| **HOOFNASIENER** | |
| **INTERNE MODERATOR** | |

# NASIENRIGLYNE

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. Penalisering geskied slegs as dit die woordbetekenis verander.

- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. **GEEN** punt word toegeken vir:
  - **JA/NEE;**
  - **EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE;**
  - **WAAR/ONWAAR** en
  - **FEIT/MENING** nie.

  Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering **JA/NEE; EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE** insluit/impliseer nie.

- Antwoorde wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **NIE GEPENALISEER** indien die aanhalingstekens ontbreek **NIE**.

- Waar eenwoord-antwoorde/twee opeenvolgende woorde gevra word en die kandidaat gee ’n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord/woorde onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord/woorde is ...

- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee ’n hele reeks, sien **SLEGS** die eerste een of twee (afhangend van die vereiste getal feit(e)/punt(e) gevra) na. Indien die feit(e)/punt(e) met kolpunte aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.

- Indien ’n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.

- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat **NIE GEPENALISEER NIE**. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.

- Vir meervoudigekeusevrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

# AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL** (635 WOORDE)

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | DV |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Afrika | (1) | 1 |
| 1.1.2 | Everest | (1) | 1 |
| 1.2 | ouderdom | (1) | 2 |
| 1.3 | Trots en dankbaar/Trots/Dankbaar<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| 1.4 | Jy kan jou drome bereik al is jy ’n vrou/al sê iemand jy kan dit nie bereik nie/al is daar niemand wat in jou glo/jou ondersteun nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| 1.5 | sakevrou | (1) | 2 |
| 1.6 | Saray is (meer) avontuurlustig/het bome geklim/het avontuur nagejaag/het altyd nuwe dinge probeer.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 3 |
| 1.7 | Ma het altyd ’n plan gemaak vir ekstra lesse (al was daar nie geld nie/al was hulle arm). | (1) | 3 |
| 1.8 | Saray glo dit is al hoe die toekomstige leiers vir hulself ’n beter toekoms kan skep.<br>(Of soortgelyk) | (1) | 1 |
| 1.9.1 | Figuurlik | (1) | 3 |
| 1.9.2 | **Afrika se mense** sal finansieel sterker wees/meer stabiel/ryker wees/vir hulself kan sorg/voorsien. | (1) | 4 |
| 1.10 | Saray wil ...<br>• geld vir biblioteke insamel.<br>• weeskinders help. | (2) | 2 |
| 1.11 | Daar is ’n foto wat wys sy staan op die berg/die artikel is in die *Rooi Rose*/’n bekende tydskrif gepubliseer.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |
| 1.12.1 | C/was die basiskamp gesluit nadat 16 bergklimmers dood is. | (1) | 2 |
| 1.12.2 | A/was Saray oortuig daarvan dat sy die berg gaan oorwin. | (1) | 2 |
| 1.12.3 | D/was daar ’n massiewe aardbewing in Nepal. | (1) | 2 |
| 1.12.4 | B/was Saray op die hoogste kruin in die wêreld. | (1) | 2 |

<table>
<tr><td>1.13</td><td>Ja<ul><li>Terugslae/mislukkings/dinge wat nie uitwerk nie, is net ’n kans om weer te probeer.</li><li>’n Mens kan altyd uit jou foute leer.</li></ul>OF<br>Nee<ul><li>Soms het iemand net nie die vermoë/talent om iets te doen nie.</li></ul>(Enige EEN of soortgelyk. Gee krediet vir die kandidaat se mening.)</td><td>(1)</td><td>4</td></tr>
<tr><td>1.14</td><td><ul><li>Saray het die piek/kruin van die berg bereik en dit het haar gelukkig gemaak, MAAR Seamus Lawless se dood het haar hartseer gemaak.</li><li>Saray het uiteindelik daarin geslaag om die berg te oorwin, MAAR het haar spanmaat (op dieselfde berg) verloor.</li><li>Saray het wêreldbekendheid verwerf/wêreldbekend geword, wêreldwyd erkenning gekry, MAAR het haar spanmaat verloor/aan die dood afgestaan.</li><li>Dieselfde berg/Mount Everest het haar gelukkig, MAAR ook hartseer gemaak.</li><li>Saray het haar eie limiete oorwin, MAAR haar spanmaat verloor.</li><li>Die terugtog was nie so moeilik soos die opgaan nie, MAAR Seamus is toe dood.</li><li>Seamus het die berg oorwin, MAAR sy lewe verloor op pad terug.</li></ul>(Enige EEN of soortgelyk. Albei kante van die ironie moet gestel word, 2/0.)</td><td>(2)</td><td>4</td></tr>
<tr><td>1.15</td><td><ul><li>Daar kan aardbewings wees.</li><li>Die weersomstandighede is onvoorspelbaar.</li><li>Baie mense het al daar gesterf.</li><li>Stappers kan vriesbrand kry.</li><li>Ysige weerstoestande/Stappers kan verkluim/verlore raak/ hulself na hul dood val/verongeluk.</li></ul>(Enige TWEE of soortgelyk)</td><td>(2)</td><td>3</td></tr>
</table>

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.16 | Ek sou (vir) haar ...<br>• sê sy is my/ander vroue/mense se inspirasie.<br>• sê sy is 'n held/rolmodel.<br>• bedank vir haar liefdadigheidswerk.<br>• bedank dat sy 'n droom vir Afrika se kinders/toekomstige leiers het.<br>• iets doen om Afrika se kinders/toekomstige leiers te help.<br>• sê dat sy as enkelma nie sulke gevaarlike dinge moet doen nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| **TEKS B: SPOTPRENT: LENTEDAG** | | | |
| 1.17 | A - se tande op mekaar klap. | (1) | 2 |
| 1.18 | • Hulle is warm aangetrek/dra baadjies.<br>• Die man bewe.<br>• Hulle sit voor 'n groot vuur en kry nog steeds koud.<br>• Hulle gooi nog hout op die vuur.<br>• Dit reën buite.<br>• Die seuns hou hulle hande voor die vuur (om dit warm te maak).<br>• Hulle sit voor die vuur.<br>• Dit lyk of die vrou 'n warm drankie (soos koffie/tee) drink.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) | 3 |
| 1.19 | • Dit reën buite.<br>• Dit is veronderstel om 'n sonnige lentedag te wees, maar dit reën.<br>• Daar is reëndruppels buite.<br>• Die mense sit almal met dik baadjies.<br>• Dis koud buite.<br>(Enige EEN) | (1) | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.20 | Ja<br>• Mense trek somersklere aan om die begin van lente te vier, maar dit is altyd koud/reënerig.<br>• Dit is veronderstel om 'n warm/sonnige lentedag te wees, maar almal dra wintersklere.<br>Nee<br>• Lentedag is altyd koud, tog trek mense somersklere aan/nie warm genoeg aan nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) | 5 |
| 1.21 | *(Die) Burger* | (1) | 1 |
| | | **TOTAAL AFDELING A:** | **[30]** |

**OPSOMMING: KOGNITIEWE VLAKKE / DENKVLAKKE: VRAAG 1**

| | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| **VRAESTEL** | 3 | 9 | 12 | 4 | 2 |
| | 12/30 | | 12/30 | 6/30 | |
| | 40% | | 40% | 20% | |
| **NORM** | 12/30 | | 12/30 | 6/30 | |

# AFDELING B: OPSOMMING

## ALGEMEEN: NASIEN VAN OPSOMMING

Die punteverspreiding word soos volg gedoen:

- Puntetoekenning:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totale punt: 10

- Die verspreiding van punte indien die kandidaat nie net aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: 1 punt
  - 4–5 feite korrek: 2 punte
  - 6–7 feite korrek: 3 punte

- Punteverspreiding indien kandidate aangehaal het:
  - 6–7 aanhalings: geen punte nie
  - 4–5 aanhalings: 1 taalpunt
  - 2–3 aanhalings: 2 taalpunte

**NEEM KENNIS**

- Nasieners moet die aantal woorde tel om dit te verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nie die aantal woorde aangedui, of verkeerd aangedui het nie.
- Indien die aantal woorde oorskry word, sien die nasiener net na tot by 75 woorde en die res word deurgetrek/geïgnoreer.

| **VERBETER JOU SELFBEELD** (251 woorde) | |
|---|---|
| **DIREKTE AANHALING** | |
| Selfbeeld gaan oor hoe ons onsself waardeer. Hierdie gevoelens word dwarsdeur ons leeftyd geskep, hoofsaaklik wanneer ons kinders is. Jy kan egter jou selfbeeld op enige stadium in jou lewe verbeter. Hier is maniere om jou selfbeeld 'n hupstoot te gee. | Geen feit nie. |
| **Identifiseer en daag negatiewe gedagtes uit.** Dit gaan jou laat besef daar is min of geen waarheid in die negatiewe gedagtes nie. **Verbeter jou fisiese gesondheid**, want dit kan jou selfbeeld drasties verbeter. | 1. Jy moet negatiewe gedagtes identifiseer en bevraagteken.<br>2. Jy moet jou fisiese gesondheid verbeter. |
| Selfsorg kan jou help om te ontspan en goed te voel oor jouself. Om gereeld **selfversorging te beoefen**, kan 'n dieper liefde vir jouself skep en jou help om jou fisiese gesondheid meer te waardeer. Om gesonde gewoontes te ontwikkel neem tyd, maar kan baie lonend wees. | 3. Beoefen selfsorg./Pas selfsorg toe. |
| **Skep verhoudings met mense wat vir jou omgee en jou ophef.** Dit kan jou help wanneer jy op 'n laagtepunt is. Jy herken dalk sekere mense wat jou wonderlik laat voel en jy kan 'n goeie tyd saam met hulle hê sonder om minderwaardig of geoordeel te voel. | 4. Bou verhoudings met mense wat vir jou omgee. |
| Probeer elke dag een ding **doen wat jy uitdagend vind.** Op die lang termyn sal jy jou selfbeeld verbeter en baie meer veerkragtig word. | 5. Probeer daagliks iets wat jou uitdaag. |
| **Hou op om jouself met ander te vergelyk.** Dit is moeilik met die media wat voortdurend adverteer hoe jy "veronderstel is om te lyk". | 6. Moenie jouself met ander vergelyk nie. |
| As dit kom by wat jy in die lewe bereik het, **moet jy jouself krediet gee** waar dit verskuldig is. As jy konsekwent aktiwiteite soos hierdie doen, kan jy mettertyd jou selfbeeld bou en 'n beter lewensgehalte hê. | 7. Gee vir jouself krediet. |
| | **TOTAAL AFDELING B: [10]** |

# AFDELING C: TAAL

## ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelling
  - Eenwoord-antwoorde by woordstrukture moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

## VRAAG 3

## TEKS D: ADVERTENSIE

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | Dit beklemtoon dat die woonstel gemeubileer is/meubels in het/meubels insluit. | (1) |
| 3.2 | **Hangkaste** word geadverteer/klere kan in die **kaste**/hangkaste opgehang word. | (1) |
| 3.3 | • 082 961 8872<br>• Jy kan die adverteerder skakel/bel/telefoneer/WhatsApp/SMS/’n boodskap stuur. | (1) |
| 3.4.1 | Die stippels/ellips wys dat die lys nog aangaan/dat daar nog meer items in die huis is/dat daar nog goed soos gordyne ens. beskikbaar is.<br>(Of soortgelyk) | (1) |
| 3.4.2 | broodrooster/rooster **(sp)** | (1) |
| 3.5 | Mense wat nie motors besit/bestuur nie. | (1) |
| 3.6 | “goeie sekuriteit”<br>(Slegs TWEE woorde. Aanhalingstekens is nie verpligtend nie.) | (1) |
| 3.7 | Die **adverteerder ...**<br>• gebruik twee uitroeptekens om te wys hoe wonderlik/goeie waarde vir geld/bekostigbaar dit is, want die Wi-Fi en water is ingesluit / uitroeptekens/!!<br>• gebruik ’n groter font/lettertipe.<br>• gebruik donker/vetgedruk woorde.<br>(Enige TWEE of soortgelyk) | (2) |

<table>
<tr><td>3.8</td><td>Ja<br>• Ek het verblyf nodig.<br>• Ek het gemeubileerde (voorbeelde kan gegee word uit die advertensie) verblyf nodig.<br>• Wi-Fi en water is ingesluit by die huur.<br>• Dit is bekostigbaar.<br>• Ek wil graag saam met my vriende/familie kan braai.<br>• Ek wil graag toegang tot ’n tuin hê.<br>OF<br>Nee<br>• Dit is geldmors.<br>• Ek bly by my ouers/familie.<br>• Dit is te duur.<br>(Enige EEN of soortgelyk. Gee krediet vir die kandidaat se mening. Aanvaar ook ’n kombinasie van JA en NEE met goeie motiverings.)</td><td>(1)</td></tr>
<tr><td colspan="2"></td><td>[10]</td></tr>
</table>

## VRAAG 4

## TEKS E: STROKIESPRENT

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | • Hy frons.<br>• Sy oë is groot.<br>• Sy mond is groot oop.<br>• Die leser kan sy tong sien, so hard skree Meester.<br>(Enige TWEE) | (2) |
| 4.2 | • Die woorde is in hoofletters/vetgedruk/donker.<br>• Daar is baie uitroeptekens ná Meester se woorde.<br>• Meester gebruik lelike woorde/vloek/praat lelik.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) |
| 4.3.1 | Neelsie het **alweer/weer** nie sy huiswerk gedoen nie./Neelsie doen nooit sy huiswerk nie. | (1) |
| 4.3.2 | Nee<br>• Neelsie se oë hang/lyk kalm/lyk nie geskok nie/lyk nie asof hy geskrik het nie.<br>• Neelsie is gewoond daaraan dat Meester met hom raas.<br>• Neelsie kry altyd raas (want sy huiswerk is nooit gedoen nie).<br>(Enige TWEE. Ja is nie ’n opsie nie.) | (2) |
| 4.3.3 | komkommer | (1) |
| 4.3.4 | Ja<br>• Neelsie doen nooit sy huiswerk nie.<br>• Neelsie is disrespekvol/stout/ongehoorsaam/lui.<br>**OF**<br>Nee<br>• ’n Onderwyser moet ’n voorbeeld stel/kalm bly.<br>• ’n Onderwyser mag nie vir ’n kind sê hy is ’n nikswerd/voor ’n kind lelik praat nie.<br>(Enige EEN of soortgelyk) | (1) |
| 4.4 | ... hy is eintlik woedend/baie kwaad. | (1) |
| 4.5 | A/geduldig | (1) |
| | | **[10]** |

## VRAAG 5

### TEKS F: ARTIKEL

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | | |
| 5.1.1 | wêreld **(sp)** | (1) |
| 5.1.2 | Jy moet jouself motiveer **om** jou drome **te** bewaarheid. | (1) |
| 5.1.3 | mo–ti–veer **(sp)** | (1) |
| 5.1.4 | manier**e** **(sp)** | (1) |
| 5.1.5 | Dit is **nie** moeilik **nie**. | (1) |
| 5.1.6 | **van** | (1) |
| 5.1.7 | Negatiewe gedagtes kan die lewe uit jou dreineer**, dus** kan dit jou fisiese en emosionele welstand benadeel.<br>**(EEN punt vir die komma, EEN punt vir die korrekte woordorde)** | (2) |
| 5.1.8 | toekoms**tige** **(sp)** | (1) |
| 5.1.9 | **Druk** die knoppie op die selfoon./**Druk** die klokkie. | (1) |
| 5.1.10 | deur middel van **(sp)** | (1) |
| 5.1.11 | sterk**ste** **(sp)** | (1) |
| 5.1.12 | **dol**gelukkig/**doodgelukkig (sp)** | (1) |
| 5.1.13 | **gee (sp)** | (1) |
| **5.2** | **TEKS G: PRENT** | |
| 5.2.1 | **Glimlag** die atlete vir die joernalis**?** | (1) |
| 5.2.2 | baanitem**pies** **(sp)** | (1) |
| 5.2.3 | gesond **(sp)** | (1) |
| 5.2.4 | 'n Landsvlag **word deur Clarence Munyai** om sy skouers **gedra.** | (1) |
| 5.2.5 | blits/die wind. | (1) |
| 5.2.6 | Ken | (1) |
| | | **[20]** |
| | | **TOTAAL AFDELING C: [40]** |
| | | **GROOTTOTAAL: [80]** |

© SACAI KOPIEREG